ROLSPEL (ROLE-TAKING) IN DIE PRAKTYK

Thea de Kock
Universiteit van Pretoria

Aanleiding tot die keuse van die verbeeldesituasie vir hierdie besondere drama-in-die-onderwysles was die volgende sillabus-inhoude (St. 8 Afrikaans moedertaal) wat volgens die konvensionele bekende onderrigmetodes gehanteer is.

Woordeskat	:	terminologie rondom 'n beroep
Woordvorming	:	
Vraagformulering	:	
Mondelinge stelwerk	:	onderhoudvoering
Skriftelike stelwerk	:	die skryf van verslae o.a. die Formele verslag

As hersiening van die werk is die drama-in-die-onderwysles beplan waarin die metode rolspel gebruik word.

(Die idee vir die les is ontleen uit O'Neill C. Drama Structures 1982:154 Hutchinson).

Leerdoelwitte

Die leerling moet korrekte terme in verband met die mediese beroep kan benoem en beskryf.

Die leerling moet aan die hand van bepaalde kriteria vrae formuleer.

Die leerling moet in staat wees om 'n kort verslag i.v.m. die probleemgeval te skryf.

Probleemstelling

Die hantering van die probleem van die sewejarige kind aan die hand van vraag-en-antwoord, wat lei tot 'n uiteindelike diagnosering opgeteken in 'n formele verslag.

Lesverloop

Die metode rolspel

Onderwyser-in-rol begin onmiddellik sodra leerlinge sit.	Goeie môre kollegas, dit is met besondere waardering vir u teenwoordigheid dat ek u welkom heet. Ek is deeglik bewus van u druk program hier by die hospitaal, maar ek het u gespesialiseerde kennis nodig om my met hierdie uitsonderlike geval te help.
Die nodige atmosfeer en geloofwaardigheid word hier geskep.	

 ISSN 0259-9570

Formele taal word gebruik.

Die leerlinge moet intens luister om te kan deelneem.

Voordat ek vir u die nodige inligting verskaf oor die geval wil ek net seker maak dat die volgende afdelings hier teenwoordig is. Ek vra dan dat die personeel wat die verskillende afdelings in die hospitaal verteenwoordig by die noem van die afdeling net hulle hande sal opsteek.

Die groepbydrae stel leerling op hul gemak.

pediatriese afdeling
kliniese sielkunde
psigiatrie
ginekologie
algemeen

Herroep reeds verworwe kennis.

Individuele bydrae: moet vinnig besluit, en reeds verworwe kennis gebruik.

Dames en here u weet hoe groot en onpersoonlik ons hospitaal geword het, daarom en in die lig van die uiters sensitiewe geval waarmee ons hier te doen het, is dit nodig dat ons onsself net eers aan mekaar bekend stel. Sal u dan net een na die ander opstaan en sê wie u is en van watter afdeling. Vir die van u wat my nie ken nie, ek is professor de Kock, besoekende buitepersoneel by die pediatriese afdeling, u is...

Al die leerlinge kry geleentheid om hulself te identifiseer. Onderwyser luister na die uitspraak en hantering van mediese terme; sy teken foute aan vir latere hantering.

(Reeds die moontlikheid vir 'n latere opvolgles: beriggewing in die koerant_____).

Baie dankie ek is seker elkeen van u kan 'n waardevolle inset lewer.

Voordat ek die probleem omskryf wil ek net onder u aandag bring dat hierdie 'n streng geklassifiseerde geval is. Geheimhouding is absoluut essensieel. Die ouers is welgestelde vooraanstaande mense en wil nie graag dat die gebeure rugbaar word nie.

Verteltegnieke skep hier die nodige atmosfeer.

Ek skets dan kortliks vir u die agtergrond van die geval. 'n Jong kindjie, 'n dogtertjie van sewe jaar oud is in my sorg hier by die hospitaal geplaas. 'n Paar dae gelede het haar ouers haar hierheen gebring, na 'n misterieuse gebeure wat by die huis plaasgevind het.

Haar ouers het haar een oggend, sittende voor die toe kamerdeur gevind. Hulle was verbaas en verwonderd en wou weet wat aangaan. Die kind het nie geantwoord nie. Toe hulle die kamerdeur oopstoot het hulle totale verwoesting gesien, die kamer was in chaos en tot nou toe het die kind nog geen woord geuiter nie.

Hulle het haar hierheen gebring en by ondersoek was daar geen fisieke skade bespeur nie, fisiek is sy absoluut gesond. Sy is natuurlik in 'n skoktoestand.

Die eerste verwysing na die gebeure van daardie nag is in die vorm van twee prente wat sy gister geteken het. Die eerste wys haar kamer soos dit was voor die gebeure, en die tweede prent wys die kamer soos dit gelyk het na die gebeure.

Ek wys dan nou vir u die eerste prent.



Die onderwyser plak nou prent no. 1 op sodat die leerlinge dit kan bestudeer.

Bestudeer die prent 'n paar sekondes en dan sal ek graag van u u afleidings wil hoor. Ek sal na die beste van my vermoë u vrae beantwoord. U moet egter goed verstaan dat al die informasie in verband met hierdie geval nog nie ingewin is nie. U kan nou maar vrae vra om relevante inligting te bekom. Enige ander kommentaar is ook welkom.

Gee geleentheid vir vraagstelling. (Sluit die moontlikheid van inbraak totaal uit, niks is weg nie, polisie sê daar was geen teken van inbraak nie.) Onderwyser kan uit moeilike vrae kom deur teenvrae te vra soos: waarom vra u sulke vrae? Hoe kan sulke vrae lig werp op die gebeure? Die onderwyser gee dan ook antwoorde waar moontlik en plaas die leerlinge daardeur op 'n spoor. Hier is dit die keuse van die onderwyser. Na voldoende geleentheid volg die 2e prent.

Ek sal nou vir u die tweede prent opplak. Vergelyk dit met die eerste, let op na die verskille en lewer kommentaar indien u iets raaksien wat 'n moontlike bydrae kan lewer.



Tentatiewe voorstelle wat kan help om die oorsake van die vreemde gebeure vas te stel sal waardeer word.

Leerlinge kry weer geleentheid om insette te lewer.

Hulle maak 'n opname van die verskille en lewer kommentaar. Die situasie bly egter onverklaarbaar, die onderwyser stuur die leerlinge om die nodigheid van die voer van onderhoude in te sien.

U insette en vrae is waardevol, maar daar is soveel aspekte waarop ons geen antwoord het nie. Wat kan ons doen om verder lig op die verwarrende saak te werp? Watter stappe kan gedoen word?

Die leerlinge stel altyd voor, 'n onderhoud met: die ma, die pa, die ouers, die onderwyseres, die maatjie, die kind self, ens. Die eerste onderhoud is dan gewoonlik met die ouers.

Hier tree die onderwyser uit rol en vra 'n leerling of leerlinge om as ouer op te tree. Hierdie leerlinge weet hoe die saak verloop het tot hier, hulle word versoek om met dieselfde erns as ouers insette te lewer.

ISSN 0259-9570

Hulle/hy/sy word gevra om buite die klas te wag.

Onderwyser-uit-rol berei die klas voor om die onderhoud te hanteer. Die volgende riglyne word gegee:

- Geen beskuldiging of insinuasie mag gemaak word nie.
- Tyd is beperk, slegs relevante goedgeformuleerde vrae mag gevra word.
- Vrae om die maksimum informasie te bekom moet bedink word.
- Luister na die antwoorde, en volg die antwoorde op.
- Notuleer relevante antwoorde.

Leerlinge kry geleentheid om in groepe inleidende relevante vrae te beplan.

Onderwyser hanteer die persoon/persone wat die onderhoud toegestaan het. Wat is hulle van? Wat is hulle kind se naam? ens.

Onderwyser-in-rol bring kollegas tot aandag.

Die ouer/ouers is nou hier, is u gereed om hulle te ontvang?

Ek gaan hulle net haal.

Bring ouer/ouers in.

Baie welkom hier by ons. My kollegas het ingestem om my te help met hierdie geval en hulle ken reeds die basiese besonderhede.

Hulle het die kennis wat mag help om die probleem op te los. Ons sal dit dan waardeer as u so openlik en so eerlik as moontlik op hul vrae antwoord.

Die onderhoud verloop en word beëindig met:

Baie dankie dat u so eerlik op die vrae geantwoord het, ons verseker u ons sal ons uiterste bes doen om so gou as moontlik vordering te maak met die geval.

Onderwyser en leerlinge-uitrol bespreek nou die gebeure.

Hulle word versoek om 'n voorlopige kort verslag, of aanbeveling vir opvolgwerk te skryf, en so gou as moontlik in te dien. (Voorbeelde in Bylae A.)

Evaluering : Kriteriagerig. Die kriteria is vooraf deur die onderwyser vasgestel.

Opvolglesse :
1. verdere onderhoude
2. waarneming van kind se reaksie op ouers deur 'n eenrigtingvenster
3. leerlinge stel tonele/foto's uit die familie-album voor
4. die saak het uitgelek - mediadekking.

Laasgenoemde drie is metodes wat ook onder drama-in-die-onderwys resorteer, en word visualisering genoem.

Hierdie is maar een les waar die metode rolspel gebruik word. Die moontlikhede is onbeperk. Die metode stel egter eise aan die onderwyser se kreatiwiteit, waagmoed, kennis en vermoë om selektering en verbandlegging te doen, wat weer op sy beurt die opleiding van die voornemende onderwyser onder die vergrootglas plaas.